# 11. Kreatiewe skryfwerk

## Transaksionele tekste:

- Skryf 'n **resensie** oor *Een dag in Julie* waarin jy die boek óf aanprys óf afkeur. Gee redes vir jou opinie.
- Skryf 'n **dagboekinskrywing** waarin Matt sy gevoelens neerskryf die aand nadat Kiana sy televisie en rekenaar afgeneem het.
- Skryf 'n **dialoog** tussen Matt en Kiana wanneer hy ná sy verskriklike nag die volgende oggend by die huis aankom.
- Matt se ouma hoor by die veiligheidswag dat Matt haar in die hande probeer kry het en sy wil weet hoekom. Stel jou voor jy is Matt. Skryf vir haar 'n **e-pos** waarin jy verduidelik wat gebeur het.
- Skryf 'n **nuusberig** vir die plaaslike koerant met 'n treffende opskrif oor die gebeure by die winkelsentrum.
- Matt se pa is raadop oor Matt se houding teenoor hom en Kiana. Hy skryf 'n kort brief vir die plaaslike koerantjie se **rubriek,** *Rudie gee raad*, onder 'n skuilnaam en vra wat om te doen. Stel jou voor jy is Rudie en antwoord hom.
- Stel jou voor jy is Matt. Skryf vir Mindie 'n **gedig** om haar te probeer terugwen. Die gedig moet uit ten minste tien reëls bestaan.
- Lees weer hoofstuk 12. Skryf nou 'n **alternatiewe einde** vir die verhaal en begin waar Matt val wanneer die polisie hom jaag.
- Maak 'n **plakkaat** wat Matt op sy kamerdeur plak om Kiana uit te hou.
- Skryf 'n **WhatsApp-boodskap** wat Matt vir sy pa kon gestuur het waarin hy sy gevoelens aan sy pa probeer verduidelik.
- Skryf 'n **brief** aan iemand na aan jou wat jy verkeerd hanteer het.
- Skryf 'n **kortverhaal** waarin iemand 'n noodlottige fout maak deur iemand anders te oordeel sonder om hul volle storie te ken.

## Langer opstelle wat aan die temas in *Een dag in Julie* raak

- 'n Oomblik wat my uit my gemaksone geneem het.
- Ek het iemand verkeerd beoordeel …
- Die verhouding tussen tieners en volwassenes: Hoekom verstaan ons mekaar nie altyd nie?
- Vergifnis en tweede kanse: Is dit altyd moontlik?
- Om dinge anders te kan doen
- Dís wat dit beteken om te kan lewe!